# REFORMASIE

(*Gereformeerde Teologiese Studie*)

## JESUS VAN NASERET — JESUS CHRISTUS

Inderdaad is daar hier 'n spanning in die christologie van Barth. U voel dit wel aan in hierdie benaming wat werklik so gekies is. Dit is twee bestaanswyses van die tweede Persoon in die Heilige Drie-eenheid. Laat die woord bestaanswyses ook nie vreemd in ons ore klink nie, want dit is nie vreemd aan Barth se stelsel nie. Immers die drie Persone in die H. Drie-eenheid, elk met 'n besondere werksaamheid, is ook drie bestaanswyses. Ons het hier dus modaliteite in die Drie-eenheid en hoor dus vreemde taal, omdat Gods Woord tot ons spreek van God as syn.

Hierdie bestaanswyse in verband met die openbaring in Christus Jesus moet ons verder ontleed om te sien of daar in die christologie van Barth 'n dualisme ontdek kan word.

**Wat Sy bestaan betref:**

Jesus van Nasaret is 'n bekende benaming by Barth en dit tref ons aan in die skepping, in die verlossing, in die krisis waarin die toorn van God ons laat kom. Jesus van Nasaret is 'n historiese persoonlikheid en behoort tot die tyd. Al wat aan die tyd behoort staan duskant die doodslyn. Daar staan elke mens, al word hy ook Jesus van Nasaret genoem.

Teenoor of liewer in verband met Jesus van Nasaret hoor ons nou van Jesus Christus. Jesus Christus is nêrens anders te vind as in die vlees van Jesus van Nasaret nie. Tog gee God Hom aan geen gestalte, ook nie aan die van Jesus van Nasaret, gevange nie. In die openbaring en in die skepping staan Jesus van Nasaret sentraal, want die skepping moet in en deur Jesus van Nasaret geken word. Want dit is die verbondsmatige in die skepping, dat God met die oog op Jesus van Nasaret geskep het. Skepping is natuurlik vir Barth geen openbaring nie, want daar is net een openbaring en dit geskied in die vleeswording, m.a.w. in Jesus van Nasaret. Jesus Christus is die Godmens. Die ewige Seun word verkies om met die mens Jesus van Nasaret Jesus Christus te wees.

En nou het ons hier 'n eerste dilemma: met die vleeswording het ons dan tog 'n oorbrugging van tyd en ewigheid van die menslike eksistensie en die

Goddelike. Tog sê Barth dat dit nie die geval is nie. Sy standpunt is betekenisvol: hy sê dat die christologie nie handel oor die historiese Jesus van Nasaret nie, want dit is aardse werklikheid wat verganklik is. Jesus Christus behoort nie tot die geskiedenis nie.

Maar dan is alles nog nie klaar gesê nie, want ons het tog ook te doen met die opstanding en hemelvaart van Jesus. Dan gaan die weg die ander vertikale lyn op, nl. dat die tyd weer oorgaan in die ewigheid. Word die dualisme dan nie opgehef met die opstanding nie?

Ook hierop antwoord Barth dat teologiese besinning hier nie kan indring nie, want die opstanding van Jesus Christus uit die dode is nie 'n gebeurtenis binne die tyd nie. M.a.w. die opstanding behoort nie tot ons geskiedenis nie, soos wat die geskiedenis van Jesus van Nasaret tot ons geskiedenis behoort. Die opstanding is 'n begrensing en 'n opheffing van ons geskiedenis.

Heel interessant is Barth se eksegese van 'n teksgedeelte waar die weg van vernedering en die weg van verhoging naas mekaar staan in dieselfde teksgedeelte, bv. 1 Kor. 15:3, 4. Hier staan dat Christus gesterf het en begrawe is en opgewek is. Barth beweer dat die laaste historiese gegewens is dat Jesus begrawe is. Wat daarna gebeur behoort nie meer tot die geskiedenis nie, nie meer tot Jesus van Nasaret nie, maar tot die onhistoriese, tot Jesus Christus. Die graf is weer die donker diepte, die banale historiese feit, terwyl die opstanding 'n ander wêreld, Gods wêreld, vir ons open. Dit is 'n ander dimensie. Daarom bly ook hier die dualisme voortbestaan.

**Wat die krisis betref:**

Ook Jesus kom in die krisis. Vanuit die standpunt van Barth is dit die logiese gevolg van Sy tydelikheid en medemenslikheid. Alles wat menslik is moet in die krisis kom.

Maar waarom kom die mens, die gewone mens, ons almal in die krisis?

a. Omdat hy op die doodslyn aanstoot en omdat hy as onheilige nie God as heilige kan sien nie. Kort gesê: die mens kom in die krisis omdat hy sondaar is.

b. Die mens kom in die krisis omdat sy sonde in sy wese is dat hy soos God wil wees, hoogmoed dus en meer as hoogmoed nl. om die Goddelike grens te oorskrei. Vandaar Barth se verklaring oor wat godsdiens (of religie) is. Religie is die dood vir die mens. Dit is 'n poging om vertikaal 'n toring te bou wat tot aan die hemel raak. Hy kan die hemel nooit bereik nie, want hy word telkens teruggewerp. Die enigste vir hom wat oorbly is dat hy moet sterf met en in Christus, om met Christus weer op te staan en so genade te ontvang. Religie is dus Krankheit zum Tode, is soos 'n mens wat aan 'n hoogspanningsdraad raak en sterf. Want aan die ander kant werk God die wonder van die opstanding uit die dode.

c. Die mens kom in die krisis omdat sy mensgeregtigheid 'n onmoontlikheid is voor God, en dit moet so blyk te wees. Sy mensgeregtigheid staan teenoor Gods geregtigheid.

In hierdie drie punte het ons probeer om kort die negatiewe redes te gee waarom die mens in die krisis kom. Nou moet ons onthou dat ook Jesus van

Nasaret in die krisis kom. Die vraag is: waarom kom Hy in die krisis?

As Barth hierop moet antwoord hoor ons duidelik ander taal. Hy spreek hier nie van „omdat" nie maar van „sodat". Die verskil hier is dat Jesus van Nasaret eksemplaries en plekbekledend sterf, sodat die nuwe mens, die mens van God, die Christus van God kan lewe.

As Barth van hierdie krisis spreek waarin Jesus van Nasaret kom, maak hy hier geen uitsondering nie. Die woorde waarmee hy Jesus hier aandui is dat selfs die edelste en beste van die mensekinders aan die kruis hang in Godverlatenheid. Ook die mens Jesus van Nasaret, in sover Hy tot die menslike historie behoort, kom in hierdie krisis, hierdie oordeel van God. Barth bly dus spreek van 'n historiese Jesus aan die duskant van die doodslyn. Dis krisis is die oneindige kwalitatiewe onderskeid tussen tyd en ewigheid waarin al wat mens is sig bevind. Omdat God die Gans-andere is, moet die krisis daar wees.

Jesus kom in die krisis **sodat**

a. God se „ja" geken kan word. Die „nee" van God is die oordeel, die doem. Die ja kan alleen as goddelike daad in die geloof aanvaar word.

b. Jesus kom in die krisis **sodat** daar sprake kan wees van genade en sodat genade as die groot goddelike wonder mag blyk. Genade staan teenoor religie soos wat lewe teenoor dood staan.

c. Jesus kom in die krisis **sodat** die geloof as werking van God ons deel mag word. Geloof: dit is 'n hol ruimte, waardeur die bliksem van die openbaring inslaan. Geloof is armoede, leë hande wat hulle uitstrek na God toe.

d. Jesus kom in die krisis sodat Jesus van Nasaret kan sterf, sodat die nuwe mens, die mens van God, die Christus van God in en deur die opstanding kan lewe. Alleen in die opstanding word die krisis oorwin.

Ons merk hier weer die voortgaande dualisme in wat ons noem die christologie. Die probleem bly sweef in en rondom Christus en Jesus van Nasaret.

**Wat die sonde betref:**

Wat is sonde? Oor hierdie groot werklikheid is Barth geensins duidelik nie. Hy noem dit (i) die bedreiging vanuit die gaotiese, uit die afgrond, uit die tohu-wabohu. Van bose engele wil hy nie weet nie en van sonde vanweë die verleiding ewe min. Duistere elemente uit die woestheid en ledigheid, aktief en dinamies werksaam, moet verklaringsgrond wees van die ontstaan van die kwaad. Dit is ewe donker as wat die ledigheid is. (ii) Sonde word verklaar as die hoogmoed van die mens wat nie van genade alleen wil lewe nie. Sonde is in sy wese hoogmoed, selfstandigheid, outonomie. Dit gaan nie om wetsoortreding nie, is nie ongehoorsaamheid, nie, maar is veelmeer op die terrein van die daad en handeling. Dit is in sy wese rebellie teen die genade. (iii) Sonde is 'n raaisel wat onmoontlik opgelos kan word. Dit is 'n absurditeit, want in die sonde het iets gebeur wat nie mag gebeur nie, wat wesenlik nie kan gebeur nie. M.a.w. Barth sê dat sonde ontologies onmoontlik is.

Dit is juis hierby wat ons wil aansluit om te bepaal dat ook hier die dualiteit deurgaan.

**Eerstens:**

Hierdie stelling kan alleen vanuit die Christus gedoen word, nie alleen vanuit Christus se bestaan sinds Sy vleeswording nie, maar ook vanuit die skepping wat vanweë die genade-openbaring in Christus werklikheid geword het. By die skepping was daar 'n tohuwabohu wat geen werklikheid gehad het nie, omdat dit nie deur God in aansyn geroep is nie. God het daarby verbygegaan in afsku. Dit is die NICHTIGE, die ontologies onmoontlike. Dit is die raaisel wat metterdaad en wesenlik nie kan gebeur nie — en wat tog daar is.

Hierdie benadering van die sonde laat 'n mens dink dat Barth nie die oorsprong van die sonde wil verklaar nie, maar dat hy noëties besig is; dus met die vraag: hoe kan die sonde geken word, verklaar word. Later word dit egter duidelik dat Barth hier logies deurdink en nie net met die noëtiese probleem besig is nie.

**Tweedens:**

Sonde is ontologies onmoontlik, want Jesus is 'n mens. Vir ons beteken **menswees** om **medemens van Jesus** te wees. Maar dan is sonde ontologies onmoontlik omdat Jesus nie kan sondig nie.

'n Derde rede waarom sonde ontologies onmoontlik is, is omdat genade die eerste is. Voor die skepping was daar al genade. Nou is sonde miskenning van genade. Vir Barth wat alleen vanuit die verkiesing die mens kan sien en konstateer dat die mens nie uit die genade kan uitval nie en dat sonde dus nie die wese van die mens kan aantas nie, moet sonde ook hier die absurde, die gaotiese, die ontologies-onmoontlike wees.

Wat is sonde dan? Wel dit is iets wat God nie wil nie, dit is die Nichtige in konkrete vorm, wat alleen 'n doel dien, nl. om Gods heerlikheid des te beter te laat skitter. Dit is die verwerping wat teenoor die verkiesing staan as die Goddelike nee.

'n Vierde rede gee Barth vir die ontologiese onmoontlikheid van die sonde, nl. dat sodra as wat die mens die sonde doen as rebellie teen God, is dit alreeds opgevang deur genade, omdat genade voor die sonde daar is. Sonde is dus ontologies onmoontlik omdat dit sou beteken dat sonde Gods genade kan vernietig.

Werklik, ook hier vind ons die dualisme: Jesus van Nasaret en Jesus Christus.

**Besluit:** 1. Is dit die Christus van die Skrifte wat hier aan ons voorgehou word? Barth se probleem is sy eksistensiële denke waar daar maar één werklikheid vir die mens is en dit is sy dood. Om uit hierdie doodslyn uit te kom, het hy in spekulasie verval en dit het hom gebring by 'n skeiding in die twee nature van Christus: Jesus van Nasaret en Jesus Christus. As Jesus van Nasaret ook God is, kan Hy nie die Middelaar wees nie, kan Hy nie ons sonde dra nie, kan Hy nie genade verwerf nie. Want dan is Hy anderkant die doodslyn. Dan sou elke mens wat na Jesus kom aan Jesus moet sterf, omdat hy op die doodslyn aanstoot. Vandaar dat Jesus van Nasaret bloot mens is, soos ons mens is, sonder sonde - maar ook sonder enige Goddelike natuur. Die Goddelike natuur word

weer besit deur Jesus Christus, maar Hy het weer geen menslike natuur nie.

Ons sou hier kon opmerk: (a) aangesien die twee nature nie tegelyk in één Persoon kan bestaan nie, moet dit dan suksessief wees. Dan moet Bart eintlik dit só stel dat ewigheid oorgaan in die tyd en die tyd weer oorgaan in ewigheid. Eers bestaan Jesus Christus in ewigheid, want Hy is God en Goddelike bestaan is tog ewigheidsbestaan. Dan hoor ons van Jesus van Nasaret by die skepping, waarskynlik in profetiese sin, en Hy word mens by die vleeswording. By die opstanding gaan die menslike eksistensie weer oor in die Goddelike en die tyd oor in ewigheid. (b) Dit bring mee dat openbaring verbygaand van aard is. Die tydelike bestaansvorme waar hier van sprake is, nl. eers Jesus Christus — daarna Jesus van Nasaret — daarna weer Jesus Christus, bring hier 'n tydelikheid en 'n verbygaande karakter ter sprake wat onmoontlik met die Tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid vereenselwig kan word. Ook hier kan gesê word dat dit ontologies onmoontlik is. Hierdie voorstelling is absoluut vreemd aan die Christus van die Skrifte. 2. Barth se sondeleer is nie die van die Skrifte nie. Sy aprioriese verkiesingsleer waarin hy stel dat genade die allereerste was, reeds voor die skepping al en dat as gevolg van hierdie apriori geen mens uit die genade kan uitval nie, wat logiese gevolg van hierdie stelling is, laat Barth in spekulasie verval. Natuurlik: as die menslike teen die Goddelike bots, verdwyn die menslike. As sonde teen genade bots, verdwyn die sondige. Vandaar al die woorde wat Barth vir sonde gebruik om die ontologiese onmoontlikheid aan te toon: raaisel, gaos, misterie, skaduwee. Eintlik is sonde 'n groter misterie as God. Genade is 'n aprioriese konstruksie. Sonde is 'n aprioriese konstruksie. Hoe kan dit anders as dat Jesus Christus ook 'n aprioriese konstruksie word en moet opgaan in 'n voorwerklike en voortydelike genadebegrip. Inderdaad by Jesus van Nasaret kom van die menslike natuur en by Jesus Christus kom van die Goddelike natuur niks tereg nie. Daar bly 'n groot vraagteken. By Jesus van Nasaret het ons die medemens en tog anders as die medemens. By Jesus Christus het ons ook die nadruk wat moet val op die Goddelike natuur, maar dan as bestaansvorm. So iets is vreemd aan alle Goddelikheid en moet 'n semi-Goddelikheid heet.

Vandaar ons konklusie dat Barth vreemde vuur op die altaar bring. Dit gaan om sy genadebegrip en hierdie genadebegrip kenmerk nie alleen sy sisteem nie, maar veroordeel dit ook.

S. P. VAN DER WALT.